Die rugbyspan is agter van links: Jaco van Deventer, afrigter, Heinrich Lategan en Owen Pretorius. In die derde ry is Calvin-Lee Badenhorst, Scott Nel, Jaydin Pienaar en Eli Basson. In die tweede ry is Eswin Appollis, Cody Adonis, Jean-Claude Mars, Marcus Klopper en Tylo Sias. Voor is Turlon Adams, Kieran de Villiers, Abrie Klein, Retagon van Rooy, Malachai Muller, Xavier Februarie, Vincent Wolhuter en Wade Green. Foto: Tandy-Lee Marinus

‘Spanwerk gee die deurslag’

Tandy-Lee Marinus

Die o. 13A-rugbyspan van die Laerskool Drakenstein in die Paarl is ’n bewys dat spanwerk altyd werk.

Die span het in April aan die Riebeeck Kasteel Paastoernooi deelgeneem, waar hulle in die eindronde Hendrik Louw, wat ’n redelik sterk rugbyspan is, 24-19 geklop het.

Die Drakies is by die toernooi onoorwonne verklaar, waar hulle teen Steenberg Cove (45-5), Bertie Barnard (50-0), Citrusdal Primêr (35-5) en Nico Brümmer (40-0) gespeel en al hul wedstryde gewen het.

’n Paar spelers is deur rugbyverkenners, wat die toernooi besoek het, gekies om in Doebai aan ’n rugbytoernooi deel te neem.

Maar, die geleentheid om in Ierland te gaan toer, het hul pad gekruis en die spelers, wat sedert graad R saam speel, het die mees onselfsugtige besluit geneem om die hele span na Ierland te stuur.

“Die seuns het gevoel dat die hele span gesorg het vir die wen en was bereid om dit op te offer,” het Melanie Wolhuter, sportorganiseerder en onderwyser by die skool, gesê.

Die skool het die bal aan die rol gesit en ’n bekende voormalige rugbyspeler, Werner Struwig, genader wat sy oorsese kontakte ingespan het om met finansies te help.

Aangesien die koste per speler groot is, het hulle gou agtergekom dat die werklikheid vir hulle wat vir die eerste keer oorsee gaan, ’n uitdagende taak gaan wees.

Dit het oorgegaan in ’n spanpoging waarin ouers en familielede ook ’n groot rol speel. Hulle het ’n ontbyt en dinee gereël om geld in te samel.

“Dit is ongelooflik! Dit wys dat die spelers aan spanwerk glo,” het Wolhuter gesê.

Buiten dat die skool, wat ongeveer 300 leerders het, so klein is, moet hy altyd vir ’n plekkie baklei, maar hy is bereid om die ekstra myl te loop.

“Ja, ons kompeteer teen groot skole, maar ons is reg vir hulle!” eindig Wolhuter.

Enigiemand wat hulle finansieel wil bystaan kan die skool by 021 872 4975 kontak.

Dit is ook die eerste keer dat vier spelers gekies is om deel te wees van die jaarlikse Cravenweek-toernooi. Jean-Claude Mars en Turlon Adams is gekies vir die Boland-vyftiental en Scott Nel en Cody Adonis (kaptein) in die Cravenweekspan.

Gemeenskap help inbrekers vang

Johané Scott

Paarl-polisiebeamptes het in samewerking met PACRS-sekerheidsmaatskappy (voorheen AC Rottweiler) twee verdagtes in ’n vermeende huisbraak in hegtenis geneem.

Só vertel brigadier Neville Malila, Paarl-stasiebevelvoerder.

Dié voorval het 9 Julie by Allermanstraat in De Zoete Inval, Suider Paarl, plaasgevind.

Malila sê die verdagtes woon in Tambo Village in Manenberg, Kaapstad. Hulle word van huisbraak beskuldig.

Sekerheidsbeamptes het glo op ’n alarm gereageer en met hul aankoms was die hek voor die huis en die voordeur oop. Bure van die inwoners het blykbaar die beamptes bewus gemaak van ’n “verdagte” rooi Volkswagen Golf wat in die gebied gewaar is.

“Sekerheidsbeamptes het die polisie ontbied en ná patrollering het die polisie en die beamptes die verdagte voertuig gesien,” het Malila gesê.

Die drie verdagtes het uit die voertuig gespring en probeer vlug. Twee is in hegtenis geneem maar die derde verdagte het te voet gevlug. Die motor waarop daar beslag gelê is, is vermoedelik gesteel en het vervalste nommerplate gehad.

Die mans het 9 Julie in die Paarl-landdroshof verskyn.

“De Zoete Inval is een van Paarl se meer veilige buurte en daar word nie baie gevalle van inbraak aangemeld nie,” het Malila gesê.

“Dit kan toegeskryf word aan die goeie verhouding tussen die polisie, die gemeenskap en ander sekerheid-strukture.”

Hy sê ook die omgewing het ’n goeie buurtwag wat goeie verhoudings met die polisie het.

● *Two alleged robbers from Manneberg in Cape Town have been arrested in De Zoete Inval for burglary. Another suspect escaped.*

ATLAS TOWER (PTY) LTD **ENVIROAFRICA CC**

NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

PROPOSED CONSTRUCTION OF A 25M HIGH TELECOMMUNICATION MAST ON FARM NO. 551, DAL JOSAFAT, PAARL, WESTERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation, process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended (“NEMA”), Environmental Impact Assessment Regulations 2014. The proposed development of a 25m high telecommunication mast on Farm No. 551, Dal Josafat, Paarl, Western Cape, includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations, 2014. EnviroAfrica cc has been appointed by Atlas Tower (Pty) Ltd, to undertake the NEMA EIA Application for Environmental Authorisation process.

Application for environmental authorization to undertake the following activities:
Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **3**

Project Description & Location:
A telecommunications mast, including associated infrastructure, is proposed on Farm No. 551, Dal Josafat, Paarl, Western Cape. The proposed development is to clear an area of 144m² to erect a 25m high lattice mast. The proposed site does not contain any natural vegetation. The site is surrounding by existing buildings immediately to the north-east of the proposed site, with an artificial dam approximately 175m west of the site. The site is located on a flat surface area. The site co-ordinates are **33° 41' 41.16” S, 19° 0' 58.39” E.**

Public Participation:
Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **14 August 2018**. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (*indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

Please note that only Registered I&APs:
- will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions;
- will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and
- will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 /
Tel: 021 8511616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za

00000000-PL120718

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

AANSOEK OM KONSOLIDASIE, HERSONERING EN ONDERVERDELING INGEVOLGE ARTIKEL 15(2) VAN DIE DRAKENSTEIN VERORDENING OP MUNISIPALE GRONDGEBRUIK-BEPLANNING, 2015 EN VRYSTELLING VIR DIE REGISTRASIE VAN SERVITUTE: ERF 784 EN RESTANT VAN ERF 9209 PAARL

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikels 45(1) en 46(1) van die Drakenstein Verordening op Grondgebruik-beplanning, 2015, dat 'n aansoek soos hieronder uiteengesit ontvang is en gedurende normale kantoorure ter insae is by die Administratiewe Kantore, Grondgebruiksbeplanning Afdeling, 3de Vloer, h/v Mark- en Hoofstraat, Paarl (Tel: 021 807 4832):-

Eiendomme: Erf 784 en Restant van Erf 9209 Paarl
Aansoeker: David Hellig & Abrahamse Landmeters (021 872-4086)
Eienaar: Carstens Plase (Edms) Bpk (082 335 4317)
Ligging: Geleë op die h/v Hoof- en Optenhorststraat, Paarl
Grootte: Erf 784 Paarl: ±897m²
Restant van Erf 9209 Paarl: ±10.8095ha
Sonering: Erf 784 Paarl: Algemene Woonsone Subsone B
Restant van Erf 9209 Paarl: Landbousone I

Voorstel: Konsolidasie van Erf 784 Paarl en Restant van Erf 9209 Paarl om een erf van ±10.8086ha te skep.

Hersonering van die gekonsolideerde erf vanaf Algemene Woonsone Subsone B en Landbousone I na Onderverdelingsgebied ten einde 'n gemengde residensiële en besigheidsontwikkeling te vestig.

Onderverdeling van die gekonsolideerde en gehersoneerde erf in ses (6) gedeeltes soos volg:
- Gedeelte 1: ±5.0688ha vir Enkelwoonsone;
- Gedeelte 2: ±4.2827ha vir Algemene Besigheidsone vir handel;
- Gedeelte 3: ±0.8457ha na Algemene Besigheidsone vir kantore en verwante gebruike;
- Gedeelte 4: ±0.6963ha vir Munisipale straatdoeleindes; en
- Gedeelte 5&6: ±0.0048ha vir Munisipale Elektriese Substasies doeleindes.

Onderverdeling van Gedeelte 1 in 94 gedeeltes, ten einde 92 Enkelwoon Residensiële erwe met 'n munisipale erf vir 'n substasie en 'n erf vir Privaat pad en Oopruimtes doeleindes, te skep.

Vrystelling van sekere diens- en padservitute soos aangedui op die Onderverdelingsplan.

Gemotiveerde besware teen bogemelde aansoek, wat voldoen aan Artikel 50 van die Drakenstein Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015, kan skriftelik gerig word aan die Stadsbestuurder, Drakenstein Munisipaliteit, Posbus 1, Paarl, 7622, teen nie later nie as **Maandag, 13 Augustus 2018**.

Indien 'n persoon nie kan lees of skryf nie, kan so 'n persoon sy kommentaar mondelings by die Munisipale Kantore, Bergrivier Boulevard, Paarl, aflê, waar 'n personeellid sal help om sy kommentaar/vertoë op skrif te stel.

DR JH LEIBBRANDT
STADSBESTUURDER
Paarl Post - 12/07/2018

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

APPLICATION FOR CONSOLIDATION, REZONING AND SUBDIVISION IN TERMS OF SECTION 15(2) OF THE DRAKENSTEIN BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2015 AND EXEMPTION FOR THE REGISTRATION OF SERVICE SERVITUTES: ERF 784 AND REMAINDER OF ERF 9209 PAARL

Notice is hereby given in terms of Sections 45(1) and 46(1) of the Drakenstein By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015, that an application as set out below has been received and can be viewed during normal office hours at the Administrative Offices, Land Use Planning Division, 3rd floor, c/o Market and Main Street, Paarl (Tel: 021 807 4832):-

Properties: Erf 784 and Remainder of Erf 9209 Paarl
Applicant: David Hellig & Abrahamse Land Surveyors (021 872-4086)
Owner: Carstens Plase (Pty) Ltd (082 335 4317)
Locality: Situated on the c/o Main and Optenhorst Street, Paarl
Extent: Erf 784 Paarl: ±897m²
Remainder of Erf 9209 Paarl: ±10.8095ha
Zoning: Erf 784 Paarl: General Residential Subzone B
Remainder of Erf 9209 Paarl: Agricultural Zone I

Proposal: Consolidation of Erf 784 Paarl and the Remainder of Erf 9209 Paarl in order to create a single erf of ±10.8086ha in extent.

Rezoning of the consolidated erf from General Residential Subsone B and Agricultural Zone I to Subdivisional area in order to establish a mixed use development.

Subdivision of the consolidated and rezoned erf into six (6) portions for the following purposes:
- Portion 1: ±5.0688ha for Single Dwelling Residential Zone;
- Portion 2: ±4.2827ha for General Business Zone for retail;
- Portion 3: ±0.8457ha for General Busienss Zone for offices and related uses;
- Portion 4: ±0.6963ha for Municipal street purposes; and
- Portion 5&6: ±0.0048ha for Municipal Electrical Substations purposes.

Subdivision of Portion 1 into 94 portions in order to create 92 Single Dwelling Residential erven, with a municipal erf for a substation and an erf for a Private Road and Open Space.

Exemption of certain service and road servitudes as indicated on the Subdivision Plan.

Motivated objections which complies with Section 50 of the Drakenstein By-Law on Municipal Land Use Planning 2015, can be lodged in writing to the City Manager, Drakenstein Municipality, P O Box 1, Paarl, 7622 by no later than **Monday, 13 August 2018.**

Persons who are unable to read or write, can submit their objection verbally at the Municipal Offices, Berg River Boulevard, Paarl, where they will be assisted by a staff member, to put their comment in writing.

DR JH LEIBBRANDT
CITY MANAGER
Paarl Post - 12/07/2018

0000000-PL120718